# Al Psalmend

# WEEK TWEE: DEEL EEN

---

*Die Psalms is die hart van die kerk, die gesin en die gelowige.*
*Wie die Psalms met oorgawe en toewyding sing en lees*
*én wie dit aanvaar, ontmoet vir God.*
Coen Slabber

(hierdie is as 'n foto-formaat beskikbaar)

## WAARMEE IS ONS TOT DUSVER BESIG:

*Ons lees die Psalm!*

Dit is die heel eerste antwoord wat by elkeen van ons hopelik opkom. Hierdie is 'n ontdekkingsreis. En die roetekaart is die Psalms. Dit maak nie saak hoe jy dit doen nie: jy sou, soos ek en 'n handvol vriende, die 150 Psalms in 28 dae deurlees, jy sou selfs kon kies om nie daarmee te jaag nie en stelselmatig daardeur te werk (- en enduit aan te hou). Jy sou natuurlik ook op 'n Vrydagaand met die Psalmboek gaan sit, soos jy met 'n nuwe boek maak, en teen Sondagaand die boek toemaak. (Hierdie boek is net baie kort, maar 88 bladsye ... selfs doenbaar in 'n enkele middag). Jy sou selfs kon besluit om nie die Psalm in volgorde te lees nie, maar om die Psalms volgens die "groepering" te lees (bv. die lofpsalms op 'n slag, daarna die wraakpsalms, of hoe ook al).

## OP REIS SAAM MET 'N PSALMGIDS

**Hierdie reeks is 'n ontdekkingsreis; dis nie 'n akademiese kursus oor die Psalms nie.**

Soos met enige reis wat jy saam met 'n toergids onderneem, sal jy algaande tog 'n klomp feitelike inligting insamel. Ek hoop tog jy onthou baie van die feite, máár hopelik sal die waarde vir jou veel eerder die ander les wees: **dat jy nooit hierna onaangeraak deur jou lewe kan voortgaan nie.** Ek hoop dit is wat die 150 bakenpunte met ons regkry!

Daar is mos, soos met alle reise, wel nodige inligting waarsonder jy nie ‘n begin nie. Dieselfde met die Psalms. Immers moet jy weet wie jou toergids(e) is.

* Wie het die Psalms geskryf?
* Waarom het hulle dit gedoen?
* Hoe het hulle dit gedoen?
* Wie het hulle Psalms gesing en waar het hulle dit gesing?
* ‘n Mens wil darem ‘n reis in vrede onderneem, so, waarom is daar sulke “woede-uitsprake” teen vyande? Is dit enigsens raadsom om dit 2+ millennia later te sing?
* Watter tipe Psalms is daar?

Dis ‘n maklike gevolgtrekking: Net soos jy op ‘n reis met verskeie mense te make kry (ook nie almal wat mekaar goedgesind is nie) en jy ervaringe opdoen (ook nie almal ewe positief nie), ook so in die Psalms. Net soos ons alledaagse lewe, hou die psalmdigters se kunswerke verband met die konkrete werklikheid. Hulle verwoord liefde en vertroue; vreugde en dankbaarheid; maar ook pyn, woede, haat, wraak. Daar is onreg, maar ook onskuld. En verstommende lewenswysheid.

*’n Psalm is ‘n seën vir die mense en lof aan God,*
*die aanbeveling vir die meniges,*
*die applous van almal.*
*Dit versag woede, dit verlig hartseer,*
*dit bring bevryding van angstigheid;*
*dit is beskerming snags en leiding bedags.*
*Dit is ‘n beskutting in tye van vrees,*
*‘n feestelike heiligheid,*
*die uitbeelding van kalmte,*
*‘n verbintenis vir vrede en harmonie.*

Kerkvader Ambrosius ( 340 – 397)

(hierdie is as ‘n foto-formaat beskikbaar)

# DIE PSALMS: ‘N TWEEGESPREK

Al die inligting wat jy tot dusver vir die psalmreis insamel is “feitelike” inligting. Nou kom die volgende realiteit: om die reis te onderneem. Overgesetsijnde, om die Psalms te begin lees. **Hoe lees ‘n mens die Psalms?** Sommige mense antwoord mos grappig op so ‘n vraag: “*met jou oë*”. Dis juis waar die uitdaging van die Psalms lê – jy kan die Psalms lees met al bogenoemde inligting in jou agterkop, maar dan het jy net halfpad gevorder. Onthou jy nog dat die Psalms sy visier (wat die teiken moet tref) op jou hart ingestel het? Dis wat dan gebeur: jy lees die Psalms en stelselmatig ontdek jy, “*die Psalms lees jou*”. Dit is ‘n wedersydse proses. Algaande, deur die leesproses, ontdek jy dit is asof die skrywer jou so goed verstaan dat die skrywer mettertyd met jou in gesprek tree.

Verbeel jou die volgende dialoog as jy byvoorbeeld Psalm 51 sou lees:

**Die digter:** *Jy dink hierdie is net my storie. Jy maak ‘n fout. Dit is ook jou storie.*

**Jy**: *Ek weet. Ek sien dit raak. Ook die sonde wat ek doen is ‘n teleurstelling in God se oë. Ek doen ook sonde. ek doen dit ook.*

**Die digter:** *Maar is jy so eerlik soos ek daaroor? Jy weet nie wat ek alles moes deurmaak om my hart so ten toon te stel nie. Dit was so rou dat ek nie eers omgegee het hoeveel eeue na my vreemdelinge dit sou kon lees nie. Is dit hoe ernstig jy ook oor jou jou sonde voel dat dit in ‘n klaaglied verander het?*

Ons moet – soos ons dan nou al ‘n paar keer beklemtoon het, vra: **hoe lees ‘n mens die Psalmboek dat jou lewe daardeur getransformeer word?** Hoe lees jy dat jy “*al psalmend*” kan leef? Dit is tog die enigste rede waarom ons hieraan tyd behoort te spandeer, dan nie.

**Voor JY verder lees, neem ‘n paar minute en doen eers hierdie oefening:**

Neem enige van die Psalms wat jy tot dusver gelees het en probeer ‘n gesprek voer met die skrywer. Maar laat die skrywer toe om jou ook uitdaag.

Onthou, die ou Kerkvader Ignasius, het gesê dat ons verbeelding in ons ontdekkingsreis, veral ook in ons geloofsontdekkings, ook vrye teuels moet kry. Hierdie oefening is ‘n “verbeeldingsoefening”, wat ‘n baie realistiese trefkrag moet hê (soos die pyl die hart moet deurdring).

# ‘n VERSKEIDENHEID WYSES OM DIE PSALMS TE LEES

## Reel 1: Die Psalmboek Is Nie Geskryf Vir 21ste Eeuse Lesers Nie

Die oomblik wanneer ons die bybel in ons hande neem moet ons onthou, die oorspronklike skrywer het nie eeue latere lesers in gedagte gehad nie. Die skrywers was eietydse mense en het in hul eie idioom geskryf. Wanneer ons die bybel oopmaak, mag ons nie vergeet dat ons met **antieke literatuur** te make het nie, meer nog, dat die Ou Testament vanuit ‘n **Joodse perspektief** geskryf is.

Dit maak “Reel 1” vanselfsprekend vir ons baie moeilik. Ons manier van skryf en hoe ons met taal omgaan is heeltemal anders, meer nog ons verstaan nie regtig die antieke Joodse kultuur nie.

## Reel 2: 3000 Jaar Maak ‘n Verskil

Ons lewens- en wêreldbeskouïng is modern, m.a.w. ons glo eers iets nadat ons dit met wetenskaplike sekerheid kan bevestig. Ons het al op die maan geloop en gesien hoe lyk ons blou planeet uit die hemelruim. Hoe versoen ons daardie kennis met ‘n teks soos Ps 75:4: “*Wanneer die aarde en alles op die aarde wegsmelt, dan is dit Ék wat die pilare van die aarde vas laat staan”*?

Die Bybelgenootskap belig hierdie vers as volg: “*In die tyd van die Bybel het die mense gedink die wêreld het drie dele: die ronde dak bo, die plat aarde wat op die see is, en die doderyk. Hulle het gedink die aarde staan op pilare in die see*.”

Die Ou Testament verwys na die vier “hoeke” van die aarde (Jer 49:36, Jes 11:12, Eseg 7:2, ens). Dit is egter nie net die Joodse perspektief nie, dit het selfs oorgespoel in die Nuwe Testamentiese idee dat die tot die hemel (aldus Op 7:1) vier hoeke sal hê. Rêrig!

Siniese moderniste sal net hul tong klik. Behalwe as jy onthou dat jy die Bybel nie só kan lees asof dit vanuit 'n moderne leser se perspektief geskryf is nie. Daar is inderdaad "beter" maniere van lees, veral as jy weet waarna om op die uitkyk te wees. Die antieke literêre werk het gewemel van metafore. Het hulle regtig gedink die aarde staan op vier pilare? Waarskynlik. Maar wat ons as "feit" lees, het hulle waarskynlik ook as 'n metafoor beskryf.

## Reel 3: Die Psalms Wemel Van Metafore

Metafore is figuurlike taal. Alhoewel ons maklik metafore gebruik, is dit glad nie so eenvoudig om dit te verduidelik nie. Dalk help dit eerder om 'n voorbeeld te gee. Iets soos, *hy het 'n wil van staal*

Dis 'n metafoor. Jy vergelyk iets (nota in die agterkop: so 'n metafoor is ook 'n vergelyking van iets/iemand met iets). Maar dis anders as 'n vergelyking, want gebruik jy nie die "soos" nie, jy gebruik die woorde direk na mekaar. Hy het 'n <u>wil</u> *wat so sterk is soos* <u>staal</u> (dis die vergelyking), maar in plaas daarvan dat jy dit so stel, word sy wil nou sommer staal. Voeg nou daarby nog dat hy ook *'n hart van klip* het. Die arme man! Sy hart is sponsagtig sag en kloppend. Maar ons praat nie van "daardie" hart nie. Ons praat nou van die hart as die setel (... wat dit nie is nie, maar toemaar ...) van emosies. Natuurlik weet ons emosies is 'n breinfunksie. (En as jy dit nie geweet het nie?) Gelukkig weet ons. Omdat sy emosies so koud is, is dit hoe sy hart is. Wat is 'n goeie beskrywing vir so koue hart? Dit moet minstens kliphard wees. Soos 'n klip dalk? En net daar is 'n metafoor gebore: hy het 'n hart van klip waar sy emosies eintlik moes wees. Die moderne wetenskaplike mag protesteer. Die letterkundige paai: verstaan jy dan nie beeldspraak nie? Verstaan jy nie metafore nie?

## Misverstande Van Metaforiese Proporsie

Die belangrikste kenmerk van metafore is dat die leser *<u>vanselfsprekend</u>* reeds moet weet wat "agter" die metafoor lê (dis nou daardie lang beskrywing). So nie kan dit 'n probleem skep as iemand dalk in 'n area leef waar klippe baie brokkelrig is. Jy bedoel hy is pieperig? Vinnig breekbaar? Die man nou met 'n hart van klip?

Nou kan jy verstaan waarom ons die Psalms (en die Bybel!) met soveel versigtigheid moet lees. Veral as dit vanuit 'n ander kulturele wêreld, drie millennia gelede na ons kom. Lees ons reg? Of lees ons reg, omdat ons dink ons lees reg? Verstaan ons wat ons lees? 'n Hart van klip is dalk maklik, maar wat bedoel die skrywer (in Ps 75:5) met hierdie sin: "*Vir die goddelose mense (sê ek) moenie horings oplig nie*"? Of lees jy maar net "bo-oor" dit en soek iets wat "nader aan jou wêreld" is?

Hier is nog 'n voorbeeld: *God is 'n rots*. Ja, natuurlik weet ons dadelik wat die skrywer bedoel. Maar in die mynongeluk het 'n mynwerker omgekom vanweë 'n rotstorting. Dan is God mos 'n buitengewone wrede god, dan nie? Nee! Want die meerderheid van ons (dis 'n belangrike beginsel) se eerste gedagte is nie: "rots = rotstorting" nie. Rots kan dit wees, maar dit sal nie die meeste van ons se eerste gedagte wees wat by jou opkom as jy aan "rots" dink nie. Daarom is daar nog 'n belangrike punt van 'n metafoor: **dit word 'n vergelyking, maar dis net met een saak waarmee dit vergelyk word, daar is nog baie ander moontlikhede ook, maar die ander is nie van toepassing nie**.

'n Metafoor is 'n kragtige beeldspraak waarmee 'n mens iets (wat baie bekender is) mee probeer verhelder. Dit beteken nie dat die iets/iemand dit ís waarmee dit vergelyk word nie, dit is net die "beste" manier om dit mee te vergelyk. Dink byvoorbeeld aan die metafoor: "God, die Vader". God is nie 'n mens nie; God is dus ook nie 'n vader nie. Maar as Jesus God sy Vader noem, dan wil Hy juis 'n woord gebruik wat vir die mense bekend was. As hulle nie die gedagte van "God" kan verstaan nie (wie kan?); dan verstaan hulle immers 'n "vader". Dit is daarom die beste voorstelling. Maar, dit bly 'n metafoor. Kan God dus ook "my Moeder" genoem word? Ja, want dit bly 'n metafoor. Soos God ook "my Lig" genoem word, om dieselfde rede. **Die belangrike is of die meerderheid mense, sonder dat jy die metafoor moet verduidelik, dadelik sal weet wat jy bedoel.**

Die les moes ek as 'n jong predikantjie op die harde manier leer!

Kan ek 'n voorbeeld gee uit 'n persoonlike les wat ek in groot verleentheid oor metafore moes leer: Donkie jare gelede skryf ek 'n boek, "*Was my lewe maar 'n somervakansie*". 'n Boek aan tienerdogters. Ek probeer skryf op so 'n wyse dat tienerdogters sal verstaan. Die goue hulpmiddel bly dan altyd om metafore te gebruik. Metafore wat hulle sal verstaan! Watter tienerdogter weet regtig wat 'n herder is as jy in jou stadslewetjie nog nooit

eers op 'n plaas was nie? Maar, watter tiener sal nie dadelik weet wat 'n "au pair" is nie. En net daar word daar in die boek 'n nuwe metafoor gebore: "Die Here is my au pair". Die meerderheid (stads-)tieners begryp die metafoor, sonder dat die "soos" van die vergelyking verduidelik hoef te word.

Daar was nog sulke paar "geslaagde" metafore in die boek. Totdat my waaghalsigheid oorhand gekry het...

So kom ek by Psalm 68 (wat besing dat God "op die wolke ry"). Op daardie stadium leef ek in Port Elizabeth by die see; met "surfers en surfboards" en ek visualiseer (baie verbeeldingryk) hoe die wolke God se branderplank is. Ja, die opskrif van die hoofstuk veroorsaak koerantbaniere wat op lamppale geplak word (regtig!): "Dominee sê, God is 'n surfer". Dit was nou behoorlik 'n onsuksesvolle metafoor. Dit het nie goed gewerk nie - want net ek het geweet wat ek bedoel het. En nou weet jy van die belangrike beginsel van die "gemiddelde leser" wat moet weet, nie net die skrywer nie!

(Daar was nog sulkes - wat ook op die lamppale gekom het. Maar hê darem nie 'n hart van klip nie ... ek was nog in babaskoene ...).

**Doen eers hierdie oefening voor jy aangaan:**

Blaai deur die Psalms tot waar jy reeds gelees het. Kyk hoeveel metafore lees jy raak. Verstaan jy die betekenis van almal, of is daar sommiges waaroor jy nou wonder?

Metafore is nie die enigste stylvorm wat die digters gebruik het nie, maar ons sal later weer hierna terugkeer.

# "KOM LAAT ONS - *AL KLAEND* - SING"

Elke week gee ons aandag aan 'n paar "tipes" (genre) Psalms. Wat ek hier onder skryf is iets om oor te mediteer (wat terloops in Hebreeus beteken, "*om stadig aan te kou*").

Dit voel vir my gepas dat ons in hierdie tyd waarin ons leef met die **Klaagpsalms** sal begin. Dit voel asof ons rede het om in hierdie tyd te kla. Nie net oor die Coronavirus nie, maar oor die toestand in die wêreld: rassespanning; ekonomiese ongelykheid; brutaliteit teenoor vroue en kinders. Polisiegeweld en plaasmoorde. Werkloosheid en weerloosheid. Noem maar op.

'n Oefening

Moenie hierdie oefening nalaat nie, want jy gaan dit later nodig kry.

Kan jy 'n lysie maak van alles waaroor jy dink ons in 2020 redes het om ontsteld te wees. Ek het 'n paar genoem hierbo, maar dit is nie naastenby almal nie.

As jy die lysie so volledig moontlik gemaak het (dit kan persoonlike sake en wêreldsake wees), kan jy vir jouself die vyf belangrikste uithaal.

Jy gaan later met die vyf besig bly...

Een realiteit is dat ellende en pyn nie 'n "nuwe" is storie nie. Die Griekse filosoof en "vader van die Griekse tragedie", Aeschilus, 524-455 vC, het geskryf (en ek plaas dit in Engels omdat ek nie weet of my Afrikaanse vertaling daaraan reg sal laat geskied nie):

*"He who learns must suffer.*
*And even in our sleep pain that cannot forget*
*falls drop by drop upon the heart,*
*and in our own despair,*
*against our will,*
*comes wisdom to us by the awful grace of God"*

Dit mag 'n "ou" menslike verskynsel wees, maar dit is vir ons, in ons geslag, die ergste (want dis al wat ons ken). So lees ek hierdie aanhaling van Frederick Buechner, die bekroonde Amerikaanse skrywer-teoloog (1926-2019). Ek plaas die aanhaling ten spyte van die vreemde sinskonstruksie:

"Slegs *as hulle wat die Evangelie verkondig*
*donkerte eerlik kan erken...*
*hulle kan net sowel hul asems andersins spaar,*
*want 'n blywende effek sal hul verkondiging op niemand hê*."

Leer ons mekaar enigsens hoe om ons eie(tydse) klaagliedere te skryf en selfs daaroor te sing? Bid ons ons eie klaagliedere, "op die toonaard van D(awid)"? Of, is dit waar wat iemand, heel berispend, vir my sê: "*dit wat vir my 'in Jesus' in die Ou Testament nie meer waarde het nie, stel ek nie in belang nie."* Impliseer dit dat die opstanding van Jesus (want tot by sy kruisiging het Jesus immers self uit die klaagpsalms aangehaal) die grootste gedeelte van die Ou Testament relativeer?

## WAAROM ONS DIE KLAAGPSALMS LEES

Leer Paulus ons nie juis die teenoorgestelde, dat ons onsself, ten spyte van elke omstandigheid, moet verbly nie?

Prof Tom (N.T.) Wright het onlangs 'n nuwe boek publiseer, "*God and the Pandemic*". Ek wil vir daaruit aanhaal:

"*The point of lament… is not just that it's an outlet for our frustration, sorrow, loneliness and sheer inability to understand what is happening or why.* ***The mystery of the biblical story is that God also laments*** (my beklemtoning). *Some Christians like to think of God as above all that, knowing everything, in charge of everything, calm and unaffected by the troubles in his world. That's not the picture we get in the Bible.*

**Neem net 'n oomblik en bedink hierdie sinnetjie na: treur God ook oor wat in die wêreld aangaan? Sing God saam met ons klaagliedere?**

Tom Wright skryf voorts:

*"Lament is what happens when people ask, 'Why?' and don't get an answer.*

*It* is *part of the Christian vocation* ***not to be able to explain*** *—and to lament instead. As the Spirit laments within us, so we become, even in our self-isolation, small shrines where the presence and healing love of God can dwell. And out of that there can emerge new possibilities, new acts of kindness, new scientific understanding, new hope."*

Prof Marius Nel van US skryf:

*"Ons sing klaagliedere wanneer ons nie meer enige rasionele verklarings of troosvolle versekerings oor het nie. As nòg tegnologie nòg teksverse uitkoms gee wend gelowiges hulle tot klaagliedere. Anders as kla en mor in die algemeen, is die kern van klaagliedere dat hulle gebede gerig tot God is. Om 'n klaaggebed te bid is daarom meer as om net te kla dat die wêreld vol pyn en ellende is. Dit is om God direk aan te roep om iets daaraan te doen. Klaaggebede is op 'n paradoksale wyse juis 'n uiting van geloof in 'n tyd wat ons geloof uitdaag. 'n Geloof dat God nie afwesig is in ons lyding nie*."

Dit is betekenisvol dat ons in (die meeste) gemeentes selde Psalms sing. Ek wonder hoeveel kinders ken die Psalms? Dit beteken natuurlik nie dat dit met die tradisionele beryminge hoef te wees nie. Maar die probleem is, Psalms "val nie lekker op die oor nie". Dis lekker om uit volle bors te sing. Ons wil nie sing aan liedere wat depressief klink nie. Wanneer die leraar 'n Psalm wel in die liturgie laat sing, dan kies hy/sy spesifiek ook die "versies" wat nie te klaerig klink nie; net die "mooi" verse wat iets oor God se getrouheid sê. Asof die gevolgtrekking wat die Psalmdigter oor God kon maak (wat uitloop op lof) nie uit 'n diep asemteug van droefheid gebore is nie (wat ons kies om nie te sing nie ... en daarom nie weet wat om met ons eie droefheid en vraagstukke te doen nie).

Onlangs het 'n persoon my baie ernstig aangespreek omdat ek in 'n diep neerslagtigheid 'n klaaglied skryf oor wat ek beleef. Haar woorde: "*dit kan nie Gees-geïnspireerd wees nie*". Ons voorspoedsteologie (wat so aanloklik op ons ore val en deur ons grypende hande vasgevat kan word) laat klaagpsalms nie toe nie. Haar woorde waarmee sy haar brief afsluit: "*God wíl hê dat dit met jou goed gaan. God wíl jou seën. God wíl hê dat sy kinders finansiële voorspoed geniet*".

(Dít wil my 'n groter klaagpsalm laat skryf. Verstaan ons dan nie die Kruis nie? Dat ons nie net geroep is om in die opstanding van Jesus te mag deel hê nie, maar ook in die lyding van Jesus?)

## IS CHRISTENE KLAAGPSALMEND OF LOFPSALMEND?

Herman Gunkel, 'n teoloog, het eenmaal geskryf, die hele lewe speel homself af tussen die klaaglied en die loflied. Ons is daar, erens op die koppelteken, tussen klag - lof. 'n Ander teoloog, Klaus Westermann, het weer gesê, al ons gesprekke met God vind plaas tussen die pole van prys en smeek. Dit is dus 'n illusie om te dink dat jy 'n verhouding met God kan hê as net lof, of net klag, aanwesig is. Hierop sou ek byvoeg, **sonder klag is ons verhouding met God 'n gedwonge verhouding** (soos 'n slaaf wat nooit die eienaar mag bevraagteken nie), en **sonder lof** is 'n verhouding met God nie moontlik nie, dan **is jy net met jouself besig**.

## DIE AARD VAN KLAAGPSALMS

Ongeveer 65 van die Psalms is klaaggebede/-liedere. Dit is meer as 'n derde! Dit is juis dan gepas om, a.g.v. ons huidige lewenservaring, ook by die Klaagpsalms te begin.

Liggaamlike pyn (wat 'n skok vir jou senusisteem impliseer) laat jou uitroep om hulp. Geestelike pyn doen dieselfde. Dít is seker die kortste verduideliking van 'n klaagpsalm (wat helaas, nie so eenvoudig is nie).

Ek wonder hoeveel mense, in die uiterste nood van hulle lewe verkeer - of dit nou die ouma in een van die "bokse" in Khayelitsha is wat nie weet hoe sy vir die kleinkinders moet sê, drink water daar is nie kos nie; of dit ouers is wat langs 'n sterwende kind se bed die lyding moet aankyk; of die bejaarde, totaal vereensaam, of dit die boer in die Karoo is wat gebroke voor die droogte buig en wonder of die dood nie beter gaan wees nie – hoeveel van hierdie mense wil hoor "toemaar, die Here het 'n plan", of "toemaar, jy moet net vertrou", of "toemaar, agter elke donker wolkie is 'n silwer randjie"?

Lofsange in sulke tyd? Dankpsalms? Klink hierdie nie eerder soos hul gebede nie:

*Ek is heeltemal gedaan. U laat al u golwe oor my breek. Hoe lank nog, Here! Hoor tog my hulpgeroep! Uit die dieptes roep ek na U, Here, luister tog na my, Here! Hoe lank gaan U my nog bly vergeet, Here? Vir altyd? My God, ek roep bedags en U antwoord nie, ook snags, maar ek kry geen rus nie. Ontferm U oor my, Here, want ek kwyn weg. Waarom staan U so ver weg, Here? Waarom trek U U terug in tye van nood? Hoe lank gaan U nog van my af weg kyk? Laat my gebed nie tevergeefs wees nie, hoor my geroep. Nou dat ek oud en grys geword het, moet U my tog nie alleen laat nie, o God. Here, vroeg in die môre al bid ek tot U. Waarom verstoot U my, Here, waarom trek U U van my af terug?*

En dan, die grande finale:

*Ek voel so verlate soos 'n pelikaan in 'n woestyn, soos 'n uil tussen murasies*.

Ek het nou sommer lukraak net uit die klaagpsalms hierbo aangehaal. **Klaagpsalms is waarskynlik die eerlikste gebede wat ons self, in ons donkertste ure, alleen mee worstel.** ‘n Gemeente kan daarmee worstel! Na “9/11” het gemeentes skielik oorgeloop van mense. Mense wat bang was. Mense wat sáám met mekaar, met hulle pyn, voor God kom staan. Dít is waarskynlik hoe ons nou voel omdat ons juis nie in die kerkgebou kan kom nie. Dít is hoe ‘n gemeente moet voel (Jood, Muslim of Christen) wanneer hulle sáám moet staan wanneer ‘n man met ‘n geweer by ‘n gebedsbyeenkoms losbars en wild en wakker vermoor.

Donkerte wat ons in onsself of in die lewe ervaar, mag met woorde beskryf word. Ons mag worstel en weerstand bied. Ons mag protesteer. Ons is nie ongelowig omdat ons dit doen nie; ons is juis gelowig.

**Die klaaglied is nie ‘n gebrek aan geloof nie. Dit is juis geloof!**

Duidelik is die teenoorgestelde van geloof nie ongeloof nie. Die teenoorgestelde van geloof is om seker te wees van alles. As jy sekerheid oor alles het, het jy nie geloof nodig nie. Mense wat so oortuig is van hulle opinies, vra nie vrae nie. Hulle wéét mos. Geloof word gebore juis omdat ons nie weet nie, daarom gaan ons na Die Een Wat Weet.

## KLAAGLIEDERE: DIE KRAGBOKS VIR ONS GELOOFSPROP

Klaus Westermann, skryf in sy kommentaar oor die Psalms dat "klag" vir ons 'n struktuur gee in krisistye. Dit begelei ons van pyn na nuwe hoop. Die "oplig uit die diepte" is nie noodwendig asof alles skielik "reg" is nie. Maar, dit is iets wat wel in my gebeur wat maak dat ek, ten spyte van, kan leef.

Ons het in die eerste week na verskeie emosies in die Psalms gekyk. De meeste emosies is te vind in die klaagpsalms. Vir my is die klaagpsalms soos om jou vinger teen 'n gelade elektriese draad te druk. Of jou hand onverwags teen 'n warm stoofplaat. Alles in jou ruk weg.

Soos vroeër genoem, is daar ongeveer 65 klaagpsalms. Dit kan onderverdeel word in individuele en gemeenskaplike klaagpsalms. Daar is nog 'n verskeidenheid subkategorieë, maar dan raak ons gesprek nou baie akademies.

## DIE WAAGMOED VAN TERUGPRAAT

Elke keer is daar 'n spesifieke aanspreekvorms in die Psalms: O God My God. Herw. Here, my God. Dit is iemand wat hulp van Bo soek. Dit is juis iemand wat die "Bo-Een" ken. Dit is juis omdat daar al so 'n lang periode van intieme saamloop is, dat die een wat nou kla die hulp by "My God, o my God" soek. Dis nie iemand wat sy vuiste in die lug swaai nie; dis ook nie 'n harde wraaksugtige God met wie kragte gemeet word nie. Dis nie, soos iemand skryf, "'n rebellie teen 'n koue, afsydige Groot Noodlot" nie. Hierdie gesprek met God word gebore van 'n diepe eenheid met God. Soos iemand skryf, "*Lament is holding to God against God*".

Bykans al die klaagpsalms druk dan ook vertroue uit: "U is my Rots; my vesting". Die klaagspreker kan juis sê, "in U hande gee ek my lewe oor".

## 'n KRAGSKOK VIR GELOOFSAMNESIA

In baie van die klaagpsalms is daar 'n herroeping na wat God in die verlede gedoen het. Daarom noem ek die Psalms die "teenmiddel van geheueverlies". Dit help ons om te onthou. (Gaan lees maar in Ps 44).

In baie klaagpsalms kry jy smeekgebede, bv "Here, moenie ...".

En soms, ja, eindig die klaaglied met die sekerheid dat God wel gehoor het.

Wie sou nou ooit dink dat die klaagliedere eintlik troosliedere is. Tog is dit wat gebeur as 'n mens bereid is om 'n klaaggebed te bid. Dit bring verligting. Jy mag al jou emosies met God deel, positief en negatief. **Geloof is nie om dapper te wees nie. Geloof is openhartigheid**. Soos iemand skryf: "Katarsis voor God bring bevryding".

Ek het vroeër genoem dat dit nie so eenvoudig is om net die Klaagpsalms te eien nie, want daar is juis 'n verskydenheid. Ek het ook genoem dat daar ongeveer 65 klaagpsalms is – ook dit is eintlik 'n vereenvoudiging, want dit hang af of mense saamstem met die indelings.

Hier is wel 'n lysie van die Psalms wat gemaklik klaagpsalms kan wees. Die met die * by is moeilik om te klassifiseer want hulle kan ook in ander groepe tuis hoort:

| | |
|---|---|
| Gemeenskaplike Klaagpsalms | 12, 44, 58, 60, 74, 79, 80, 83, 85, 89*, 90, 94, 123, 126, 129 |
| Individuele Klaagpsalms | 3, 4, 5, 7, 9-10, 13, 14, 17, 22, 25, 26, 27*, 28, 31, 36*, 39, 40:12-17, 41, 42-43, 52*, 53, 54, 55, 56, 57, 59, 61, 64, 70, 71, 77, 86, 89*, 120, 139, 141, 142 |

**'n OEFENING:**

Nadat jy hierdie week se inligting gelees het,

* maak seker, selfs al vra dit 'n herlees, dat jy vir jouself die belangrikste punte kan uitlig.

* Skryf dan jou eie klaagpsalm. Dink eers waarom 'n klaagpsalm juis nóú in jou lewe gepas sal wees. Jy het in 'n vroëere oefening 5 sake gevoel wat jy reken klag werd is. Jy kan dus die klaaggebed skryf, namens jouself, maar dalk ook namens die gemeenskap.

Gebruik byvoorbeeld die struktuur van Psalm 142:

1. Formuleer die rede vir jou psalm: wat is jou "na aanlyding van". Kyk mooi, dis nie net vers een wat die rede aandui nie, vers drie ook. Dit vra dus eerlike, diep nadenke.
2. vers 4-5 verduidelik waarom jy juis nou met die "rede" by God kom aanklop. Beskou dit as die agtergrond van die rede.
3. Vers 5 is 'n belydenis waarom jy juis nou na God toe draai.
4. Vers 6-8a: wat presies verwag jy van God in reaksie op hierdie gebed van jou. Die redes wat jy gee, is ook motiewe wat jy vir God aanbied waarom jy dink God jou gebed behoort te beantwoord.
5. Vers 8: hoekom is dit vir jou so nodig dat God hierdie gebed moet beantwoord. Wie sal almal daardeur geraak word; watter profetiese getuienis van God se beantwoording sal hieruit vloei.
6. Kan jy hierdie Psalm bid, meditatief (volgens die Hebreeuse verstaan), totdat jy 'n lofpsalm sou kon skryf?

## AS JY DALK TYD HET OM NA 'N PAAR GOEIE VIDEOS TE KYK

Hierdie animasievideo wat deur "**The Bible Project**" gemaak is verduidelik die Psalms op 'n kreatiewe manier, dit sal jou help om die Bybel in geheel ook beter te verstaan:
https://www.youtube.com/watch?v=L9W5afjndtU&t=2s

As jy nog verder sou wou luister na 'n verduideliking van metafore dan kan jy hier luister: https://www.youtube.com/watch?v=L9W5afjndtU

Daar is goeie leesstof wat jy by die **Denver Institute Faith & Work** oor gebrokenheid en herstel kan lees. Rol af op die bladsye, dan is daar nog verwysings, asook 'n potgooi:
https://denverinstitute.org/s6e3-a-time-for-lament/

https://denverinstitute.org/wp-content/uploads/2020/01/January_Brokenness-and-Renewal.pdf

https://denverinstitute.org/recovering-lament-what-should-we-do-with-unresolved-pain/

**Walter Brueggemann**, een van die wêreld se mees gerespekteerde teoloë in sy vakgebied as Ou Testamentikus praat oor waarom klaagliedere nodig is. https://www.youtube.com/watch?v=oxqmtft4WYM

Nog 'n video oor waarom klag nodig is:
https://www.youtube.com/watch?v=GpwBj9WgAWA

**Prof Carol Bechtel** gee hier riglyne hoe jy jou eie psalm kan skryf:
https://www.youtube.com/watch?v=-xoVu_oq-tA

Die **Fuller Teologiese Instituut** het 'n projek geloots met Bono (die hoofsanger van U2) en Eugene Petersen (die skrywer van "The Message", 'n kontemporêre bybelvertaling). Op hierdie skakel vind jy al die videos daaroor. Daar is wonderlike gesprekke tussen die twee reuse van hul eie vakgebiede: https://fullerstudio.fuller.edu/bono-eugene-peterson-psalms/

Op die **Calvin Theological Institute** se webblad is daar 'n projek waarby Michael Card (waarskynlik een van die bekendste kontemporere komponiste van eietydse psalms is). Jy sal al die relevante inligting daar vind (en na van sy liedere kan luister):
https://worship.calvin.edu/resources/resource-library/bringing-our-pain-to-god-michael-card-and-calvin-seerveld-on-biblical-lament-in-worship/

Lees ook meer hier: https://www.ntwrightonline.org/five-things-to-know-about-lament/

---

**As jy ook hierdie week saamlees aan die Psalms, behoort jy teen komende Donderdag by Psalm 57 te trek. Ons laai die volgende deel (Week 2, Deel II) Donderdagoggend, 06:00.**